Kleingroepe

vierde kwartaal reeks
20-26 Oktober 2013

OMGEE-TYD

Deel met mekaar hoe julle week was? Gee ‘n punt uit 10 met 10 as goed en 0 as sleg. Waarvoor wil jy ook dankie sê? Iemand doen namens die Kleingroep ‘n gebed om die saam-wees aan die Here op te dra.Laat almal hulle handpalms na bo draai tydens die dankgebed.

LEER-TYD

Lees die hele Jona hardop vir die groep op die volgende manier. Almal maak hulle oë toe en leef hulself in Jona se verhaal. Elkeen van die groep word Jona. Word bewus van gedagtes en gevoelens soos die verhaal gelees word.

Gesels dan oor die volgende vrae:

- Wat het jy ervaar tydens die lees van die verhaal? Wat het in jou gebeur? Wat het jy gedink? Watter emosies het in jou losgekom?
- Dink julle dat die tradisionele prentjie van “Jona en die vis” is die beste prentjie van die boodskap van hierdie profete-boek? Hoekom dink julle so of nie so nie?
- Dit wat na Jona se preek in Nineve gebeur, laat ‘n mens se mond oophang. In ‘n sekere sin ook Jona se reaksie op God se (genade)reaksie op Nineve se berou en omkeer. Gesels hieroor. Hoe sal jy reageer op God se genade aan jou vyande?
- Hoe moet ons (die kerk, God se kinders) hierdie boodskap vandag verstaan? Indien ons in die spieël kyk, wat moet ons raaksien wat Heilige Gees vir ons uitwys?

AANBID-TYD

Lees weer Jona 2:2-9. Gebruik dit as aanbiddingsgebed vir die groep. Besluit saam hoe julle dit kan gebruik om af te sluit.

DIEN-TYD

Waartoe word ons vandag steeds geroep? Wat moet ons in ons eie omgewing gaan doen? Hoe kan ons die boodskap van Jona koppel aan die visie van Blancogemeente (gestuurde familie meer en meer soos Jesus)